

**Saterdag 18 Junie**

**Skrifgedeelte: Galasiërs 3:7-14; HK Sondag 15, Antwoord 39**

**Fokusgedeelte: Galasiërs 3:13**

### **Christus het borgtogtelik die vloek van God gedra**

Verskeie pogings is aangewend om Jesus dood te maak, maar sonder sukses. Volgens die raad van God moes Hy as vervloekte sterwe, en dit het in dié tyd beteken dat Hy aan 'n kruis moes sterf. Die kruisdood was immers nie net 'n baie smartlike dood nie, maar ook 'n baie smadelike dood. Die veroordeelde is in die hoogte opgehys juis om hom te verneder. Hy word in die publiek tot skande gemaak. Volgens die wette van Israel moes iemand wat die doodstraf ontvang het, ná sy dood aan 'n paal opgehang word om te toon dat hy deur God vervloek is (Duet. 21:23).

*Vloek* staan teenoor *seën*. *God se seën* oor iemand beteken dat God sal sorg dat dit met hom goed gaan in 'n aardse lewe (2 Sam. 6:11, 12) en dat hy uiteindelik die ewige lewe sal ontvang. Daarteenoor beteken *God se vloek* dat alles wat sleg is so 'n persoon se deel sal word en dat hy uiteindelik die smarte van die hel sal ervaar waar hy geheel en al deur God verlaat sal word in die sin dat hy niks van die guns van God sal ervaar nie, maar net God se straf. Dit is wat Christus aan die kruis moes ervaar.

By Golgota tree die mense wat Christus leed aangedoen het, eintlik op die agtergrond. Voorop staan die verbysterende gebeurtenis: God tref sy Seun met sy vloek. Sy Vader in Wie se teenwoordigheid Hy Hom altyd verlustig het, voltrek hier die straf van 'n vervloekte oor Hom. Hier moes Hy Self in ons plek ervaar dat dit verskriklik is om in die hande van die lewende God te val (Heb. 10:31). Na regte moes ons almal voorwerpe van God se vloek geword het omdat ons sy wet oortree het, want met verwysing na Deuteronomium 27:26 sê Paulus: “*Daar rus 'n vloek op elkeen wat nie stiptelik alles doen wat in die boek van die wet geskrywe staan nie*” (Gal. 3:10). Hierdie vloek het Christus egter in ons plek gedra. Daarom moes Hy aan 'n kruis sterf. Daar aan die kruis het Hy die volle vloek van God ervaar, nie net in die verskriklike liggaamlike lyding nie, maar veral ook daarin dat God Hom verlaat het en Hy daar helse smarte moes deurmaak. Omdat Hy die vloek van God in ons plek gedra het, is ons daarvan bevry. Dit blyk daaruit dat Paulus, kort nadat hy bogenoemde uitspraak (Gal. 3:10) gemaak het, verklaar: “*Christus het ons losgekoop van die vloek wat die wet meebring deur in ons plek 'n vervloekte te word*” (Gal. 3:13). So het Hy vir ons God se seën verwerf. Ons mag nou altyd by God wees (1 Pet. 3:18) en weet dat Hy, om Christus ontwil, alles ten goede laat meewerk vir hulle wat Hom liefhet (Rom. 8:28).